HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 26 van 2026

12 Februarie 2026

Geagte Ouer/Voog

Welkom by Hoërskool Randburg se tafeltennis! Ons is baie opgewonde oor die 2026-seisoen en om te begin oefen. Op hierdie noot kommunikeer ons graag die volgende inligting aan u:

Oefentye is op **Maandag van 17:30 tot 19:30** en op **Donderdag van 17:30 tot 19:30** in die *Educatio Atrium* of in die LO-saal. Juf. Dané Le Roux is die tafeltennisafrigter.

Ons eerste oefening is op Maandag, 16 Februarie 2026.

Spelers moet asseblief tekkies, 'n kortbroek en T-hemp tydens oefening dra – geen plakkies nie en ook nie kaalvoet nie. Geen leerder in skooldrag sal toegelaat word om te kom oefen nie aangesien dit nie prakties is nie en daartoe kan lei dat leerders ongemaklik is, hulle spel belemmer en selfs beserings tot gevolg kan hê.

Ligabepalings is nog nie gefinaliseer nie en sal gekommunikeer word soos wat dit beskikbaar gestel word.

Indien u kind nie 'n oefening kan bywoon nie, moet daar reeds die oggend tydens voogperiode by Juf. Dané Le Roux of Juf. Marisa Strachan verskoning gemaak word.

Gebruik die volgende skakel om vir kommunikasiedoeleindes om by die *WhatsApp*-groep aan te sluit:

https://chat.whatsapp.com/FFd1VxSoqKg6ZK0xqXcPXZ

Vir enige navrae, kontak gerus Juf. Marisa Strachan per e-pos by Marisa.Strachan@hsrandburg.co.za.

Vriendelike Randjiegroete

M. Strachan
Tafeltennisorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof